DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin

**30 April 2023**

**Predikant: Ds. S.P. Venter**

**Pastorie: 015 296 1840**

**Sel: 082 809 0222**

**Epos: sarel.pventer@gmail.com**

***Eredienste* begin *09:30***

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | Eksodus 5: 1 - 9; 6: 27 - 7: 13 asook<br>2 Timoteus 3: 1 - 9 |
| **Tema** | ***Ken ons werklik die Here?*** |
| **Sang** | Psalm 107: 1, 2<br>Skrifberyming 12-3: 1, 2<br>Psalm 25: 2, 7<br>Psalm 147: 4, 7<br>Skrifberyming 18-7: 3, 12 |

Wie is die HERE/Jahwe? Hoekom sou Farao Israel laat trek? Die Farao sal die Here léér ken. Hy sal Hom op so 'n manier deur die Farao laat ken dat hy spyt sal wees dat hy die Here uitgedaag het. Die Farao sal leer hoe Almagtig die Here is. Farao is nie bereid om Israel te laat gaan nie? Selfs nie deur 'n sterke hand nie?

## Aan die hand van die volgende punte kyk ons na:

## 1. Jahwe se Almag teenoor Farao se gode.

Die teken van die staf wat ‘n slang word, kry ‘n nuwe betekenis vir die Farao. Die woord wat hier vir slang gebruik word, is in die Statenvertaling met “draak” vertaal. Dit is ‘n ander woord en hier het dit ‘n godsdienstige betekenis. Egipte se nasionale simbool was die slang.

Op die voorkop van die Farao sien ons, op die beelde en prente in die grafkelders, altyd 'n slang. Dit was die teken van hulle goddelike waardigheid. In Egipte met sy veelgodendom is die manlike hoofgod Osiris en sy vroulike maat Isis as slange voorgestel. Dat Aäron se staf 'n slang word, was 'n geweldige skok vir Egipte. Die God van Israel is so magtig dat Hy hul gode uit 'n dooie stok tevoorskyn kan roep.

## 2. Farao se teenaanval

Farao roep sy towenaars nader en na die aanvanklike skok seil daar ook slange uit hulle stokke. Die glans van God se wonder verdwyn. Is die Here regtig net nog een van baie gode? Is die Farao en sy bongenoot, die Satan, net so sterk soos die Here? Die Satan kan hom heftig teen God se werk op aarde verset. Hy kan ook indrukwekkende wonders doen. En daarmee baie mense beïndruk en verblind. Hy maak van Jahwe net nog een van baie gode. Hy kan die geloof van talle mense ondermyn en afbreek. Daarom moet ons altyd terug na ons belydenisskrifte gaan: In Art 13 van die NGB en Sondag 10 van die HK bely ons dat die Satan en sy bose geeste so in God se hand is dat hulle hul sonder Sy toelating en wil nie kan roer of beweeg nie.

## 3. Jahwe, die ewige God, is werklik Almagtig.

Die oorwinning van die Farao en sy towenaars is van korte duur, want Aäron se staf verslind die van Jannes en Jambres. Wanneer Aäron sy slang aan die stert gryp, staan die teenstanders van die Here met leë hande. Die Farao wou weet wie die Here is: Nou weet hy. Ken jy die Almagtige wat In Christus die mag van Satan oor jou gebreek het? Ken jy Hom werklik as jou Almagtige Vader wat jou vir ewog van oordeel bevry het. Aan wie se kind skaar jy jou?



## OOG VIR MEKAAR




* Ons bid vir oom Jan Cloete wat steeds baie swak is. Ons hou tannie Sheila ook in ons gebede wat hom ondersteun.
* Ons bid vir Kudu Pretorius wat steeds herstel na sy operasie aan die slukderm en diafragma.
* Ons dank u vir u gebede en omgee vir Tialeen. Sy is steeds swak en die herstel gebeur stadig. Ons waardeer u hulp en ondersteuning.
* Ons wens die Silwerdoppers 'n geseënde tyd in die Krugerwildtuin toe. Geniet die wegbreek en voorspoedige reis.

## KONSISTORIEDIENSBEURTE 30 Apr 2023

**Diensbeurt:** **Wyk 18** **Katkisasie:** **Les 9**
**Ouderling:** **Dewald Hattingh** **Diaken:** **Sarie Hattingh**

Ouderlinge en diakens moet asb kennis neem dat almal, weer soos voorheen, voor die erediens in die konsistorie sal vergader.

**Eredienste begin 09:30**

## TEESKINKBEURTE




**30 April 2023**
**Geen tee of koffie word bedien nie agv die langnaweek.**

**7 Mei 2023**
Harriet Kruger
Karen Kruger
Anette Kruger
Theunet Kruger

**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**

## DATUMS OM TE ONTHOU

| DATUM | TYD | WAAR | WAT |
|---|---|---|---|
| (Di) 2 Mei | 09:30 | ***Kerk*** | Bybelstudie |
| (Wo) 3 Mei | 18:30 | ***Kerk*** | Bybelstudie |




# KALENDER




## *Verjaarsdae*

| Datum | Naam | Ouderdom | Belydend / Doop | Sel/Tel no. |
|---|---|---|---|---|
| (So) 30 Apr | Annemie de Klerk | 58 | B | 082 806 3190 |
| (Ma) 1 Mei | ***Annette Krüger* *** | ***73*** | B | 079 265 6034 |
| (Wo) 3 Mei | Colette Albertyn<br>Natania Carstens | 50<br>34 | B<br>B | 078 224 6734<br>074 570 9357 |
| (Do) 4 Mei | ***Martie Maritz* ***<br>Estelle Snyman<br>Johan Kotze | ***71***<br>61<br>42 | B<br>B<br>B | 083 461 6974<br>082 414 3795<br>083 422 2073 |
| (Vr) 5 Mei | Hendri Korff<br>Karen Krüger | 53<br>47 | B<br>B | 083 602 0064<br>072 709 0747 |
| (Sa) 6 Mei | ***Dawn Hattigh* ****<br>Elmarie Swanepoel<br>Jan-Albert Coetzee | ***80***<br>38<br>33 | B<br>B<br>B | 081 320 2235<br>073 801 4149<br>078 451 8425 |

## Huweliksherdenkings

| Huweliksdatum | Lidmate | Jare Getroud | Sel/Tel no. |
|---|---|---|---|
| (Di) 2 Mei 2015 | Ryno & Elmarie Swanepoel | 8 | 079 631 5702<br>073 801 4149 |
| (Wo) 3 Mei 2008 | Burger & Retha Grobler | 15 | 063 364 3987<br>071 885 8928 |

## KOLLEKTES

**Kollektes April 2023**

**Tydends erediens:**

**Diakonale Sorg**



**Na erediens (By die deure):**
**Spesiale Fondse :**
~~**9 April Bybelverspreiding**~~
~~**16 April Expando**~~
~~**23 April Bystandsfondas vir Diakonie**~~

**"n Volledige lys van verpligte asook vrywillige kollektes vir 2023 tot 2025 is op die kennisgewingbord agter in die portaal beskikbaar.**

# GEDAGTE VIR DIE WEEK

**Stry die goeie stryd van die geloof;**
**gryp die ewige lewe aan,**
**waartoe jy geroep is**
**en waarvan jy die goeie belydenis**
**voor baie getuies afgelê het.**

**1 Timoteus 6:12**

# MOOTLITE-KAMP AMPTELIK

**Mootlite-kamp Amptelik**

In opdrag van Streeksinode Pretoria

mootlitekamp@gmail.com

Moot Lite "LITE DIE VUUR"

**Geagte kerkraad en diakonie**

**Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika bied reeds vir 40 jaar die Moot - Skoolverlaterskamp aan. Uit hierdie kamp het die Mootlitekamp ontstaan, wat sedert 2012 baie suksesvol aangebied word.**

**Die Mootlitekamp is dus 'n amptelike kamp van die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika. Vanjaar se kamp sal DV van 25 Junie- 30 Junie aangebied word. Die Kamp het ten doel om leerders van Graad 5-9 toe te rus om hulle Gerformeerde belydenis en geloof te kan uitleef tussen hulle vriende, en te kan staande bly teen die aanslae van die wêreld, natuurlik aanvullend tot hulle ouerhuise en hulle eie gemeentes.**

**Die kamp skep 'n ruimte waar kinders deur pret, spanwerk en samehorigheid hulle belydenis en Bybelkennis kan verbreed. Daarom behandel ons ook op die kamp hierdie jaar al die "EK IS"-UITSPRAKE, tesame met die Apostoliese Geloofsbelydenis, soos uiteengesit in Heidelbergse Kategismus Sondag 7-24.**

**Die belangrike saak van die waardevolle inhoud van ons geloof (gewisse kennis en vaste vertroue) sal veral 'n sentrale rol speel in die inhoud van die kamp.**

**Ons vra ook asseblief dat kerkrade die weg oop sien om hulle kinders aan te moedig om die kamp by te woon.**




**Inskrywings by https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLSc3SHix-q3PomHEhUcNRYLKQ-aofoMxLPUnLhtge8WI48lUDQ/viewform?usp=sf_link**

**Vir enige navrae of onduidelikheid kan u gerus vir Ds Lohan Linde (0847875119) skakel.**

**Enige bydraes kan inbetaal word by:**

**GKWBS Mootlite**

**Absa Spaarrekening**

**9116 4825 49,**

**Verwysing: MOOTLITEKAMP**

# DAMESOGGEND GK KAMEELDRIFT

# 21e Damesoggend !!

## Handevat vir die President Kruger Kinderhuise

### Dit is die seën van ons getroue Vader wat vir kinders sorg!

Voorsitter Susters/ Diakonie/Gemeente

Op 26 Augustus(DV) is dit die 21e verjaarsdag van die Gereformeerde Kerk kameeldrift se oggendtee ten bate van die kinderhuise in Pretoria en Reddersburg. Ons weet julle gemeente wil ook graag deel wees van die landswye projek en die goeie nuus is, julle kan!

Die twee kinderhuise is grootliks ons kerkverband se verantwoordelikheid. Baie gemeentes dra reeds vir die kinderhuise ruim by. Ons vra tog van julle ook 'n bydrae. Die impak van so 'n groot finansiële inspuiting op een slag, is groot. Die kinderhuis maak die geskatte inkomste van die projek reeds deel van hul begroting.

Verlede jaar is die damesoggend deur ongeveer 660 vroue bygewoon. 'n Rekordbedrag van R352 000 is aan die kinderhuise oorhandig danksy die wins van die damesoggend en die R33000.00 wat ons as donasies gekry het van gemeentes oor die res van die land. Dankie weer eens aan elk gemeente wat n bedrag gestuur het.

Enige bedrag is welkom!- van R100 - R10 000 en meer.

## Veiling op 26 Augustus

As julle bewus is van lidmate wat 'n vakansiehuis/woonstel besit en moontlik 'n week of naweek vir ons veiling saal aanbied, kontak ons asseblief. Die veiling bring elke jaar 'n groot bedrag in.

Bemark die projek in jul gemeente en vra ook vir individue om by te dra. Kom ons samel hierdie 21e feesjaar, 'n rekordbedrag in! Help ons hierin. Bid ook dat die fondsinsamelingsprojek kan voortbestaan en bid vir die kinders in die kinderhuise.

Stuur asb 'n e-pos voor 30 Junie om te laat weet indien julle 'n bydrae gaan maak. Die donasie moet verkieslik in ons rekening inbetaal wees voor of op 5 Augustus.

As u enige vrae het, is u welkom om te skakel.
Dankie by voorbaat

Susan Fourie (Tel: 082 745 4117)
Gereformeerde Kerk Kameeldrift

Rekeningbesonderhede:
ABSA
Susters Gereformeerde Kerk Kameeldrift
Tjekrekeningno:1430 810 088
Verwysing: Kinderhuisdonasie + gemeente naam

# EVANGELISASIE (SOUT EN LIG)



**Jesus het alle mag in die hemel en op aarde - Mat 28:18**

**Hy gee die opdrag;**
**gaan dan na al die nasies en maak die mense my dissipels**



**Laat ons Sout & Lig in hierdie wêreld wees**

**Is jy 'n dissipel? Mat 28:19**

**..maak die mense my dissipels, leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.**

**'n Opdrag van Jesus self.**

# EVANGELISASIE (VERVOLG)



## Die belofte van Jesus

20 En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêrerld.

Hy sal jou lei in elke gesprek waar jy Sy naam op die lippe neem.



## Praat saam….

Laat ons as gemeente die opdrag van Jesus om mense Sy dissipels te maak, begin doen.

Daar is geleentheid om enige Dinsdag 18h00, saam te kom beleef hoe dit is om as dissipel op te tree by die TROK BEDIENING

Skakel:

André Bakker 083 457 1711

**Preke**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Nantes Kotze
015 296 0054
081 424 9651

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581

Marisa Linde
083 408 2100

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** Faksnommer | Nantes Kotze<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks) |
| **Webwerf** www.gereformeerd.co.za | E-pos : admin@gereformeerd.co.za<br>Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggende na die erediens |
| **Bankbesonderhede** Kerkkas | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| Diakonie | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| Koningskinders | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| Geref. Susters Org. Pietersburg | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| Aktiwiteitskommissie | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

**Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo.**

*27Die dag toe die Here met Moses in Egipteland gepraat het, 28het die Here vir Moses gesê: "Ek is die Here. Sê vir die farao, die koning van Egipte, alles wat Ek vir jou sê."*

*Eksodus 6: 27 & 28*



**ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS**